

19 Junie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:9

Die “boodskapper” kan gebind word ... maar die “BOODSKAP” nooit!”

Elke gelowige het 'n boodskap om aan elke ander mens te bring! Daardie boodskap is kragtig en lewensreddend. *Dit* is die Boodskap: “Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, is uit die dood opgewek!” Paulus verkondig 'n lewende Jesus ... ' bewuste saamleef met Jesus as Here van jou lewe!

Daartoe moet ons mekaar tydig en ontydig opwek, soos wat Paulus in ons Skrifgedeelte met Timoteus doen! Onthou, Paulus doen dit onder alle omstandighede ... selfs al ly hy verdrukking soos 'n misdadiger in boeie geslaan in die tronk! Dalk voel Paulus dat sy lippe gesnoer was ... die “Boodskap” bereik net die tronkmure ... hy het misluk ... hy sowel as die “Boodskap” is in boeie geslaan!

Nee, nooit ... die boodskapper kan gebind word ... maar die “Boodskap” nooit! Al is Paulus as mens geboei ... die Woord is vry ... met geestelike vleuels dring dit deur elke versperring soos wat dit God behaag. Selfs op 'n stormgeteisterde skip as gevangene, tussen heiden-seelui, is die Woord aktief: “Die engel het vir my gesê: Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn!” En as Paulus in kettings geboei in die tronk sit, dan is dit juis sy tronkbewaarder wat gewederbaar word en tot bekering kom! (Hand. 16:25-34). Hy word in Rome se smerige donker tronk aangehou, maar mense in die keiser se paleis kom tot bekering (Fil. 4:22)! Hy word tussen misdadigers aangehou en tog tree van hierdie misdadigers as wedergebore Christene uit die tronk tevoorskyn! (Fil. 10-12). Hoe probeer die mens nie met alle mag om die “Boodskap van die Lewe” ... God se Woord, in boeie te slaan nie!

- Jy wat nie Sondag kerk toe gaan nie ... nie jou Bybel lees nie ... nie bid nie ... God se wet verwerp ... weet dit; jy boei jouself met die bande van die dood. Die Woord, wat jy so probeer boei, is vry, en daardie selfde woord sal jou tot verantwoording roep! Onthou: “God se woord keer nooit ledig na hom terug nie”; al bid jy nie, of al gaan jy nie kerk toe nie, of al minag jy die ware godsdienste, die woord sny na die lewe ... of die dood! Nooit kan jy jou van die krag van die Woord distansieer nie!
- Julle wat God se Woord verdraai, interpreteer om julle eie drange te bevredig! Al julle dwaalleraars wat arme onkundige mense verlei ... wat die Woord met julle goddelose, sataniese drange wil bind ... sodat God se kinders in 'n warnet van leuens verval, wat hulle harte ontstel en hulle godsvertroue knou! ... God lag vir julle, want sy Woord kan nie geboei word nie ... dit is vry en onvervalsbaar!
- Gelowiges, ja, God se Woord kan julle ook met blydschap en vreugde “boei” ... wie verdrukking ly vir die evangelie, wie volhard onder vervolging soos 'n misdadiger, hulle is onlosmaaklik vir die lewe tot in ewigheid aan God verbonde! ... Net Jesus dra die sleutel van jou boeie. “Niemand kan sluit as Hy wil open en niemand kan open as Hy wil sluit.”

Wonderlik, selfs na jou dood, is die Woord wat jy uitgeleef het, vry en spreek dit tot die mense!

Waarom kan die Boodskap nie geboei word nie ... omdat dit God se Woord is ... en God self kan nie geboei word nie! Geliefde leser, het God se Woord jou al “geboei” vir die lewe tot in ewigheid?

Sing: Psalm 119:39 (1936)

Ds. J (Kobus) Marais (Emeritus)